# Sagaria 1: 7 – 20

Skrifberyming 1-4: 1 – 4
Psalm 46: 1, 3 en 6
Psalm 47: 1 en 4

Geliefdes in ons Here Jesus Christus,

Die Here se Woord is baie duidelik oor die feit dat Hy by Sy kinders in hierdie wêreld is, *maar ... ek dink julle sal almal saamstem* - partykeer wil dit regtig nie so lyk nie. As die donker dae en die storms en die moeilike tye en die beproewinge kom en die vyandigheid van die wêreld begin toeneem is dit maklik om te wonder – *waar is die Here nou?* As ek myself in hierdie deurmekaar situasie bevind is dit baie moeilik om te glo – *ten spyte van die Here se versekering,* dat Hy wel naby is. Daarom dat die Here – deur Sy Woord, Sy volk opnuut wil verseker daarvan. Ook hier in die tyd van Haggai en Sagaria. Ongeveer 15 jaar na die ballingskap ... rondom hulle is die ruines en die vernietiging van die ballingskap nog duidelik sigbaar. Hulle is besig om die tempel te herbou, maar dit lyk nie eers so mooi as die ou tempel wat vernietig is nie. Hoe kan ons weet dat God met ons is ... waar gaan ons motivering kry om aan te gaan en vas te byt, as ons twyfel in Sy teenwoordigheid?

God troos Sy volk deur die profeet Sagaria. Luister na sy eerste en tweede naggesig. Hier is die prentjie. In 'n diep kloof is daar 'n klompie mirtestruike. Die volk Israel is nie meer 'n groot en sterk sederboom bo-op die Libanon gebergtes nie **(*skyfie1),** maar is soos 'n nederige mirtestruik **(*skyfie2),** in 'n diep kloof – amper weggesteek. Maar kyk mooi. Daar is 'n man op *bruin (rooibruin?)* perd *(ons moet hom van die ander ruiters onderskei)* ... en 'n klompie ander manne op ander perde tussen die mirtestruike. Wanneer Sagaria navraag doen oor die betekenis hiervan is daar 'n engel wat alles aan hom verduidelik. Hy sê vir Sagaria: Hierdie groepie ruiters is deur die Here gestuur om die hele aarde te verken en te kyk wat aan die gang is in die hele wêreld. En kyk baie mooi. Die groepie ruiters is eintlik besig om aan die man op die *bruin / rooi perd* te rapporteer. Hierdie man word in vers 11 die engel van die Here genoem **(Sagaria 1: 11).** Dit is hierdie *"engel van die Here"* wat in vers 12 uitroep tot God. **(Sagaria 1: 12).** Dit is duidelik nie 'n goeie boodskap wat die ander ruiters gebring het nie. Dit is duidelik nie die boodskap wat die engel van die Here wou hoor nie, daarom is dit amper 'n klagte wat hy tot God bring. ***Here ... hoe lank nog?***

Wat gebeur hier? Wat wil die Here ons leer? Eerstens dat God presies weet wat besig is om in die wêreld te gebeur. In hierdie prentjieboodskap word die volk getroos met die versekering dat God volkome op hoogte is van wat op elke tydstip en in elke oomblik op elke plek op die hele aarde gebeur. Hoekom is dit dan nie 'n goeie verslag nie? Hoekom is dit slegte nuus as die hele wêreld rustig en stil is? Dit gaan goed met die wêreld terwyl dit eintlik sleg gaan met God se volk. God het belowe dat Hy die hele wêreld in beroering gaan bring en hulle gaan straf vir hulle sondes – dit sal die teken vir Israel wees dat Hy hulle weer in genade gaan herstel. Maar, dit is nog nie sigbaar nie. *Hoe lank nog Here – vra die man op die rooi perd?* Kyk mooi wat hierdie man doen. Hy pleit vir Sy volk. Hy verstaan die moeilike tye waarin hulle is. Hy ken hulle twyfel en worsteling. Hy ken ook die beloftes van God dat daar redding gaan kom, maar na aanleiding van die berig van die ruiters is daar nog niks daarvan sigbaar in die wêreld nie. Dit is stil en rustig. Pleitend vra hy: *Hoe lank nog Here?*

Dan kom God se antwoord **(Sagaria 1: 13)** – goeie woorde / troosvolle woorde. **(Sagaria 1: 14-16)**; **(Sagaria 1: 17).** God se troosvolle en bemoedigende antwoord moet bekendgemaak word. Sagaria moet die uitroep. Daar is iemand wat vir die volk pleit ... vir hulle intree *(die ruiter op die rooi perd ... die engel van die Here ... 'n hemelse figuur wat telkemale in die Ou Testament verskyn is niemand anders nie as Jesus Christus voor Sy menswording ... hier in gespanne afwagting vir die stryd wat voorlê*

*... gereed om die oorlog te voer wat die tyd van redding vir die volk van God sal inlei)*. Die redding kom ... dit is oppad.

Maar daar is ‘n sekere realiteit wat in ag geneem moet word. Dit gaan nie maklik wees nie – God se kinders moet die werklikhede van dit wat in die wêreld gebeur ook verreken. Daarom die tweede naggesig. Sagaria sien 4 horings – soos die horings van ‘n *buffel / wilde dier / blou bul* – dit waarmee die dier veg en oorlog maak. 4 – die verskillende windrigtings van die wêreld. Dit is die vyande van die volk van God wat vanuit elke hoek en windrigting die volk van God in oorlogswoede bestorm om hulle te vernietig. Hoe het die volk dit nie verstaan nie. Dit was amper asof hulle uitgelewer was aan die horing-geweld van die Egiptenare, die Babiloniërs, die Perse en later die Romeine. God se volk sal altyd ‘n teiken wees. Maar – daar is ook iets anders. Dit moet vir Sagaria gewys word sodat hy dit ook kan raaksien. Miskien is dit nie altyd so duidelik sigbaar nie. Daar is ook 4 ambagsmanne. Ambagsmanne is mense wat met hulle hande baie hard kan werk. Hulle weet hoe om goed te verander en reg te maak. Hulle is nie bang om hulle hande vuil te maak nie. Gee hulle ‘n probleem en hulle sal hom kan oplos. Kyk mooi: Hulle word deur die Here gestuur om die werk van die horings ongedaan te maak. Ja, in die geskiedenis was daar nog altyd tye van geweld en verval, maar God sorg dat daar ook altyd tye van opbou en herstel is. God is in beheer en vir elke horing van geweld is daar ‘n ambagsman van herstel. Hulle is nie so opsigtelik soos die horings nie – jy moet mooi kyk om hulle raak te sien – eintlik moet die Here hulle vir jou wys – dan sien jy ... God sorg vir Sy volk / kerk.

Is dit nie ‘n kosbare boodskap nie? Die volk Israel – klein ... ‘n mirtestruik in ‘n diep kloof ... wie sal van hulle weet? ... wie gee om? ... amper minderwaardig bang ... uitgelewer aan die krag en geweld van die groot wêreldmoondhede. En die Almagtige God is hartstogtelik oor hulle begaan. En die ruiter op die rooi perd pleit vir hulle – ***hoe lank nog Here?*** En God het die wêreld in beroering gebring ... dit is lankal nie meer stil en rustig op hierdie aarde nie. Nie Egipte nie – ook nie Babel nie – ook nie die Perse nie – ook nie Rome kon dit keer nie. Die duiwel kon dit nie keer nie. Hy wat vir die volk van God gepleit het, het vir die volk van God oorlog gemaak ... op ‘n donkie Jerusalem ingery ... die losprys betaal aan die kruis van Golgota ... en ry nou as oorwinnaar op die wit perd. Aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op die aarde en Hy is besig om God se laaste vyande te verslaan. Niks en niemand sal teen Hom kan staande bly nie. En weet dit ... Sy volk roep nie meer ... hoe lank nog Here/ nie, maar ... Kom Here Jesus, kom gou!

Moedeloos, klein, uitgelewer aan die woede / horings van die wêreld ... twyfelend of God regtig by ons is ... kan dit waar wees? Is die kerk vandag ‘n mirtestruik in ‘n diep kloof? Nee ... Roep dit uit ... God is hartsogtelik begaan oor Sy kerk ... die kerk van Jesus Christus is ‘n bruid ... dit is ‘n stad op ‘n berg ... Hy is besig om Jerusalem te herbou ... moenie teen die horings vaskyk nie – moenie twyfel nie ... soek die ambagsmanne van herstel en werk en bid en roep: Kom Here Jesus ... kom gou.

Amen.